Valleisig GEMEENTE

# HuisNuus

26 Mei 2024

## Baie Welkom

Ds. Lourens van Deventer sal in beheer wees van Sondag **26 Mei** se erediens om 09:00. Tema: Om iets nuut vanuit die oue te bou - Handelinge 15: 1-21

Het jy verlede week se diens misgeloop?
Kliek op die skakel om meer te leer by Ds. André de Villiers: Almal is genooi... deur 'n ete (Handelinge 9)
https://www.youtube.com/c/ValleisigGemeente

Groete Valleisig Leraars

| | |
|---|---|
| Ds. André de Villiers: | 084 679 3274 |
| Dr. Doret Niemandt: | 071 204 0584 (13 Mei–11 Junie - Sabbatsverlof) |
| Ds. Lourens van Deventer: | 072 040 7378 |
| Kantoor: | 012-991 1542 |
| Kantoorure: | Maandae tot Vrydae 08:00-13:00 |
| *Enige navrae/voorstelle:* | *kantoor@valleisig.org.za* |

## Belangrike datums

Divorce Care: 26 Mei direk na die erediens - kontak vir André de Villiers — 084 679 3274
Dienssentrum Maandag 27 Mei (in die binnehof)
Gemeenteraadvergadering Maandag 27 Mei
Bronberg Bybelstudie 28 Mei
Vraagteken Gespreksgroep Ds. Piet Marais: GEEN — STEMDAG
Woensdae Bybelstudie Ds. André: GEEN —STEMDAG (onthou GEEN Bybelstudie elke 1ste Woensdag van elke maand)
Renaissance 3de Woensdag van elke maand
Ruimtesig 1ste en 3de Donderdag van elke maand
Olive Crescent 1ste Donderdag van elke maand
*STEMDAG:* Woensdag 29 Mei (spesiale stemme 27 & 28 Mei)
Ringsitting — 5 Junie by Valleisig
Skole Sluit — 14 Junie
Vadersdag — 16 Junie (Jeugdag)
Vakansiedag—17 Junie
Doopgesprek 27 Junie 19:00
ValleiPartei 31 Augustus

## Baie Geluk



**#lewevirdiestad**

**EK is die Kerk, JY is die kerk,**

**ONS is die Kerk**

## Barmhartigheid

## Bevrore borde kos Silverprojek



"Dink asb. 2x voor jy oorskietkos weggooi." Kom haal leë borde by die kantoor of Sondae op die toonbank en bring dan die bord met kos na die Silverprojek se vrieskas. Dankie vir jou omgee.

Enige navrae kontak asb. vir Jozua Joubert by 082 538 7636 of per e-pos: jozua.joubert@bwise.co.za

## Wonderwerk-projek

Valleisig lidmate het die geleentheid om by te dra tot die #Wonderwerkprojek of om geskenkbewyse na die kerkkantoor te bring wat aan behoeftige lidmate gegee word.
Elektroniese betalings kan ook gedoen word.

NG Gemeente Valleisig
ABSA Lopende rekening
Rek no: 163 017 0741
Takkode: 632 005
Verw: Wonderwerk

Snap here to pay

## Bring jou kleingld



Bring enige geld van 10 sent tot R5 en gooi in die glashouer op die toonbank.

Die geld word aangewend vir die assesering en terapie van getraumatiseerde kinders en gesinne as gevolg van verwaarlosing, mishandeling of verhoudingsprobleme. (CMR Faerie Glen).


Baie dankie vir jou ondersteuning.

## Lapa



Jy kan Valleisig se lapa huur vir funksies en partytjies,
of sommer net 'n lekker braai.
Skakel die kerkkantoor (012 991 1542)
vir meer inligting!

## Lief en Leed



**Ons innige meegevoel aan:**
Hendrik & Hanlie Coetzee met die afsterwe van hul dogter **Rozanne Wepener.**



Ons dink aan julle en mag jul vertroosting by Hom vind.

## Doop



**Datums vir die doopgesprekke:**

**Doopgesprek 3 & 4: 27 Junie 2024 (19:00 in die Raadsaal)**
**Doopgesprek 1 & 2: 25 Julie 2024 (19:00 in die Raadsaal)**

- Met die eerste doopkursus sal daar een per kwartaal wees, aangebied deur die onderskeie predikante.
- Ons wil graag hê dat alle doopouers al die doopgesprekke bywoon, maar daar *moet ten minste* een gesprek voor die doop bygewoon word en die res kan dan na die doop bygewoon word.
- Doopvorms is op die webblad beskikbaar by *www.valleisig.org.za* Enige navrae kontak die kantoor—012 991 1542 of stuur 'n e-pos na ontvangs@valleisig.org.za

## Ons dink en bid vir die wat siek is/herstel

***Ons gebed is dat die Here julle in die geloof sal versterk en dat julle vas op Hom sal vertrou.***
***Hy is ons Rots en ons veilige vesting.***

Smittie Smith, Nellie van Deventer, Gawie Bester, Sophia van Tonder, Roekus de Villiers, Roelof Schomper, Annelie Fouche, Christelle Steyn, Adri de Jager, Attie van der Walt, Riaan Swiegers, Emmarie Schmidt, Louis Opperman, Jan Opperman, Irene van den Berg, André Scott, Isabel Fourie, Hester de Souza, Susanne Harper, Engel van Wyk, Annatjie Hattingh, Gerard van Os, Charl Marais, Phillip Frost, Theuns Steenkamp, Mara Matthee, Mariana Swart, Lauré Rolfes, Lala Erasmus en Magdaleen Joubert.

## Ons dink en bid vir die wat gebede nodig het

Fanie de Jager, Elfrieda du Plessis, Jane van Os, Rory Smith, Lucy van Wyk, De Leeuw Swart, Herta Schomper, Alida van der Berg, Annette van der Walt en Joey Swiegers

## Valleisig Gemeente Kommunikasie Groep


As jy nie die HuisNuus ontvang nie, en op Valleisig se kommunikasie WhatsApp groep wil wees kontak asb. die kantoor (012 991 1542/ 064 760 9067) of skryf jou besonderhede op die lys by die toonbank neer.

## Baie dankie, Pieter, Anita en Kittie

Baie dankie aan Pieter en Anita van den Heever en Kittie Sauerman vir die mooi maak van die dames- en mansbadkamers. Julle het hard gewerk, en dit is nou sommer lekker om in die badkamers te stap—dit lyk pragtig!
Ons waardeer julle moeite en toewyding baie.



## Boeke Hoekie




**Meimaand—Moedersdag**
Hoekom net een Sondag 'n jaar afstaan aan Moedersdag?
Elkeen van ons het 'n Moeder, anders is ons nie gebore nie.

Gee erkenning aan Moeder, Moeksie, Moeks, Mams. Mamma of sommer net Ma. Kom kry vir haar 'n boek vir slegs R5. Die binne ma's kan Resepteboeke of Handvlyt boeke kry vir R5 en vir die buite ma's is daar Tuinboeke vir R5.
Moet nie die storie boeke vergeet nie!
Die Rooiblikkie staan op die toonbank. Kom maak 'n draai!
Boeke Groete,
Alet Olivier (082 578 4292)

## Divorce Care (Egskeidingsbegeleiding)

**Sondag 26 Mei** 10:15. Kontak André de Villiers vir meer inligting (0846793274 of e-pos: andredv@mweb.co.za
Hou die HuisNuus dop vir die datums deur die jaar.



## Naaldwerkklasse vir huishulpe

Daar is **GEEN** naaldwerkklasse op Donderdag **30 Mei** nie. Klasse begin weer **Donderdag 6 Junie** om 13:30. Basiese naaldwerk met naaimasjiene word onderrig aan huishulpe en andere.
Daar is nog plek. Kontak vir Jeanette Heuseveldt 084 774 2000

## Valleisigkoor




## KuierKerk




## Sop aan minderbevoorregtes—Lewe vir die stad

**D**insdag oggend (21 Mei) is warm sop en broodjies aan die werklose mense op die h/v Solomon en Atterbury weg uitgedeel.
Dankie aan elkeen wat sop en broodjies gebring het. Saam kan ons die mense in ons gemeenskap help en 'n verskil in hulle lewens en maak.
Groete
Pieter Maree 082 803 0572







## Winterprojek





Die winter is hier!

Daar is meer en meer mense wat baie swaar kry. Skenk asb. warm klere, komberse en linne.

Indien u nie artikels het om by te dra nie is 'n geldjie in 'n koevert ook baie welkom.

*(**donasiekoeverte** is in die voorportaal beskikbaar of 'n EFT kan gedoen word)*

NG Gemeente Valleisig

ABSA Lopende rekening


Rek no: 163 017 0741

Takkode: 632 005

Verw. **Winter**

Snap here to pay

*Enige navrae: Jozua Joubert 082 538 7636*



## Truitjieprojek



Liewe flukse breiers

Baie dankie vir al die gebreide truitjies vir die kleuterskole in Pretoria-Wes.

Die truitjies is uitgedeel, en elke gesiggie het gestraal van dankbaarheid vir 'n warm truitjie en mussie!
Ons waardeer julle ruimhartigheid baie.

Moenie ophou brei nie—Truitjies kan deur die jaar gebrei word vir die volgende winterseisoen.

Ek hou jul op hoogte!
Breipen-groete
Lena Southwell (082 899 3661)









*"Al die kinders en hul ouers sê uit hul harte dankie aan Valleisig vir elke truitjie. Dankie dat ons kinders d.m.v. jul liefde en omgee, snoesig warm versorg is deur die winter.*
*Baie seën Pretoria-wes Kleuterskole.*




# Pinkster & Pinksterfees













Pinkster by Valleisig was baie geseënd. Dit het begin met 'n Lofprysingsaand en daar was verskeie geseënde Pinksteraande. Die afsluiting was die Pinksterfees waar die Valleisigkoor opgetree het, nagmaal bedien is, en ons het verder feesgevier met heerlike sop en broodjies na die erediens.



*Baie dankie aan:*

**Theo van Stryp en sy span vir die reëlings van die sop en broodjies,*

**ValleisigKoor onder leiding van Fransa,*

**Rodney Scott en sy span vir die nagmaal reëlings.*

**Vrug van die Gees:** -**Geduld** is... om te besef dat - en wát - God ons vergewe het en dáárom mekaar te vergeef, lankmoedig met mekaar te wees om te besef dat God óns die lewe gee, en dáárom mekaar nog 'n kans, 'n nuwe lewe te gun om elke dag bewus te wees van ons eie skuld, maar bowenal van ons eie vergifnis, van die voorreg om te mag leef voor God se aangesig, voor sy geduld en genade. (Pinksteraand—14 Mei)















"Pinkster was 'n uiters verrykende ervaring. Beide die dienste by Mooigeleë en by die kerk was uitsonderlik. -Estelle le Roux-







**Pinkster 2024—Die Vrug van die Gees is:**
Vreugde, Geduld, Vriendelikheid, Getrouheid en Liefde



Liefde is... bereid om die inisiatief te neem, selfopofferend, te sien in dade.



# Moedersdag



*"Vat 'n breek en bederf jouself!"*

Al die dames is bederf met heerlike sjokolade wat by die deure uitgedeel is, terwyl die manne heerlike tee en koffie na die diens bedien het. Dit was 'n groot bederf en almal het dit baie geniet! Ons is trots op Valleisig se manne—julle is wonderlik!



















# AANDAG ALLE VALLEISIG GESINNE!

## Valleisig Kleuters

**HIERDIE WEEK:**

26 MEI:

Daar is kleuterkerk, ons sien uit om saam te speel!

## Valleisig Kinders

**HIERDIE WEEK:**

26 MEI:

Daar is dissipelskapgroepe na die erediens!

## Valleisig Tieners

**HIERDIE WEEK:**

26 MEI:

Daar is dissipelskapgroepe na die erediens!




DAAR IS OUER-ONDERSTEUNING IN DIE KLEUTERLOKAAL NA DIE EREDIENS. ALMAL WELKOM!

## WEEKWENK:

Kyk of julle kan onthou wat die vrugte van die Gees is (Gal.5:22-230. Gesels oor watse vrugte julle in mekaar raak sien.


Jeugwerker
Johannette - 072 280 9590

Leraar
Lourens - 072 040 7378


As julle gesin 'n behoefte het aan 'n huisbesoek, kontak asseblief vir Lourens

**Baie dankie Valleisig**

Met dankbaarheid in ons harte deel ons die vreugdevolle entoesiasme van die Thusa kleuterskole rakende skenkings vanuit Valleisig. Dankie aan almal vir jul **skenkings van klere, speelgoed, boeke en huishoudelike items.**

'n Spesiale dank aan almal wat aan die **truitjie-projek** deelgeneem het. Die glimlaggende gesiggies vertel die wonder-verhaal van liefde en warmte.

**Pretoria Wes Kleuterskole Projek** is gevul met dankbaarheid vir die studente opleiding Donasie wat ontvang is. Dit vul 'n groot gaping en hierdie studente werk met soveel ywer wanneer hul hierdie goeie nuus hoor.

Enige bydrae is welkom.  WhatsApp Jolene - 083 658 3138

Thusa se bankbesonderhede:
Thusa NPC
FNB
Rek 62672371871
Kode 250655

**Vir info:** Kyk in die glaskas langs die teelokaal asook in die voorportaal.

**Raak betrokke: Kontak Jolene WA: 083 658 3138**




**Te Koop**

Splinternuwe stut vir **regter knie**,
Bedoel vir erge pyn en/of in plaas van
'n knievervanging.  Nog nooit gebruik
nie en in oorspronklike verpakking.
Huidige prys by verskaffers R11 500.
My prys R8500 of naaste aanbod.
Kontak Chris Schutte—083 367 9948



## Braaihout beskikbaar

Droë Sekelboshout @ R25.

Op die toonbank is “Braaihout” koeverte.

Plaas geld in die koevert, gooi dit in die gleuf op die toonbank.en kry jou hout voor die buitesaal!

‘n EFT kan ook gedoen word

NG Gemeente Valleisig
ABSA Lopende rekening
Rek no: 163 017 0741
Takkode: 632 005
Verw. Hout

Snap here to pay



**Lekker braai en dankie vir jou ondersteuning**

## C&R Maintenance







**TE KOOP**

Splinternuwe gehoor toestel (nooit gebruik nie) vir persoon met ligte tot matige gehoorverlies.

**Prys R11 500.00**

*(Versekerbare waarde - R19 500.00)*

Kontak Phil van Rooyen
0825612953

## Spesiale aanbieding vir lidmate






# RAPID SHINE

Quick Nano Ceramic Coating spray for car.

For prices and more information, contact

Lodewyk Fourie:

082 457 5229




# Studio79

## LOUIS MINNAAR

VETERAAN AKTEUR

**DRAMA-EN BEWUSTHEIDS AFRIGTER**

**STUDIO79 SE KLASSE VIR OUD EN JONK BEGIN GEDURENDE DIE EERSTE WEEK VAN FEBRUARIE 2024.**


**KOM LEER SPEEL-SPEEL EN LAG-LAG VAN ONTSPANNINGSTEGNIEKE, LEES MET BEGRIP, EMOSIONELE INTELLIGENSIE, GEFOKUSDE KOMMUNIKASIE, STEM- EN BEWEGINGSVAARDIGHEDE, RUIMTELIKE BEWUSTHEID, PROBLEEM OPLOSSING, VISUELE KREATIWITEIT EN NOG VELE MEER WAT DEUR PROFESSIONELE AKTEURS GEBRUIK WORD.**



KLASSE IS BEPERK TOT 'N MAKSIMUM VAN SES STUDENTE VAN DIESELFDE OUDERDOM, EN WORD VAN MAANDAG TOT DONDERDAG SMIDDAE EN SAANS IN DIE JEUGLOKAAL AANGEBIED.

**VIR MEER BESONDERHEDE EN FOOIE KONTAK LOUIS GERUS BY:**

**E-POS: DRAMASTUDIO79@GMAIL.COM - TELEGRAM OF WHATSAPP: 083 2332 787**






# WERK SOEK FORUM

Pharos Community Centre

(voorheen Jakob se Put bediening)

**Donderdae 09:00 @ Pharos**

**(Jacqueline Rylaan 777)**

Ons fasiliteer die werk soek proses.
Ons help onder andere met:

- Riglyne met CV's en voorbereiding vir onderhoude
- Waar en hoe om werk te soek
- Aanmoediging, bemoediging en ondersteuning
- Help mekaar "Cope" – Uithou en aanhou
- Ontsluit potensiaal (Self ontdekking: Persoonlikheid, Sterkpunte, Passies, Waardes, Doelwitte, Struikelblokke, ens.)
- Lewens vaardighede
- Geestelike bediening



Kontak Pharos by 012 993 5906/8 vir meer inligting

cbi follow Jesus

In samewerking met CBI (Community Business Initiative)




**Kaartjies is by Christo beskikbaar:**
**vir reëlings, kontak 082 413 7186**

